OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c | Friday 30 March 1979 | WINDHOEK | Vrydag 30 Maart 1979 | No. 3932

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek

No. 67] [30 March 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 8 of 1979 South West Africa Library Service Amendment Ordinance, 1979

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 67] [30 Maart 1979

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 8 van 1979 Wysigingsordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika, 1979

No. 8 of 1979 SOUTH WEST AFRICA LIBRARY SERVICE AMENDMENT ORDINANCE, 1979

(Assented to 22 March 1979)
(English text signed by the Administrator-General)
(Date of commencement to be published — see sec. 10)

ORDINANCE

To amend the South West Africa Library Service Ordinance, 1968, so as to rectify certain references; to provide for the payment of registration, subscription and other fees; to provide for the use of library facilities provided for whites by pupils, who are not whites, of certain schools; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 15 of 1968, as amended by section 2 of Ordinance 17 of 1973.

1. Section 1 of the South West Africa Library Service Ordinance, 1968 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of "Director" of the following definition:

"'Director' means the Director of Education referred to in section 5(2) of the Education Ordinance, 1975 (Ordinance 21 of 1975);"; and

(b) by the substition for the definition of "public library" of the following definition:

"'public library' means any library, whether maintained, entirely or partly, by means of subscriptions or otherwise, which provides library facilities to the general public;".

Amendment of section 3 of Ordinance 15 of 1968.

2. The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Ordinance:

"Objects of the Service.

3. The objects of the Service shall be to provide library facilities on as large a scale as possible in an efficient manner to the general public.".

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE BIBLIOTEEKDIENS VIR SUIDWES-AFRIKA, 1979

No. 8 van 1979

(Goedgekeur 22 Maart 1979)
(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)
(Datum van inwerkingtreding afgekondig te word — sien art. 10)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968, ten einde sekere verwysings reg te stel; om voorsiening te maak vir die betaling van registrasie-, lede- en ander gelde; om voorsiening te maak vir die gebruik van biblioteekfasiliteite wat vir blankes voorsien word deur leerlinge, wat nie blankes is nie, van sekere skole; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 15 van 1968, soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 17 van 1973.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur die woordomskrywing van "Direkteur" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

"'Direkteur' die in artikel 5(2) van die Onderwysordonnansie, 1975 (Ordonnansie 21 van 1975), bedoelde Direkteur van Onderwys;"; en

(b) deur die woordomskrywing van "openbare biblioteek" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

"'openbare biblioteek' enige biblioteek, hetsy dit geheel en al of gedeeltelik deur middel van ledegeld, of andersins, in stand gehou word, wat biblioteekfasiliteite aan die algemene publiek voorsien;".

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 15 van 1968.

2. Artikel 3 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Oogmerke van die Diens.

3. Die oogmerke van die Diens is om biblioteekfasiliteite op so 'n groot skaal as moontlik op doeltreffende wyse aan die algemene publiek beskikbaar te stel.".

No. 8 of 1979

SOUTH WEST AFRICA LIBRARY SERVICE AMENDMENT ORDINANCE, 1979

Amendment of section 5 of Ordinance 15 of 1968, as amended by section 1 of Ordinance 17 of 1973.

3. Section 5 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

"(d) admit any person who is unable readily to make use of the services of any public library, to the Service as a member in the manner and against payment of the registration, subscription and other fees prescribed by regulation and on the other conditions which he determines in each case;".

Amendment of section 8 of Ordinance 15 of 1968, as amended by section 1 of Ordinance 17 of 1973.

4. Section 8 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) the Deputy Director of the Department of Education referred to in section 5(1) of the Education Ordinance, 1975 (Ordinance 21 of 1975);"; and

(b) by the substitution, in the Afrikaans text, for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

"(c) die senior administratiewe beampte in die in paragraaf (a) bedoelde Onderwysdepartement;".

Amendment of section 13 of Ordinance 15 of 1968, as amended by section 1 of Ordinance 17 of 1973.

5. Section 13 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If in the opinion of the Executive Committee a local authority whose area has a population of not less than ten thousand white persons is able to maintain a public library service, it may in consultation with or at the request of any such local authority by notice in the *Official Gazette* declare the area under the control of the local authority to be an urban library area, and such local authority shall thereupon, unless it has already instituted a public library service, institute and maintain such a service within a period determined by the Executive Committee in that notice.".

Amendment of section 14 of Ordinance 15 of 1968, as amended by section 1 of Ordinance 17 of 1973.

6. Section 14 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 15 the Executive Committee may, out of moneys voted for the purpose by the Legislative Assembly, grant to the local authority in an urban library area an annual subsidy for the maintenance of a public library service by the local authority.".

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE BIBLIOTEEKDIENS VIR SUIDWES-AFRIKA, 1979

No. 8 van 1979

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 15 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1973.

3. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) enige persoon wat nie in staat is om geredelik van die dienste van 'n openbare biblioteek gebruik te maak nie, tot die Diens as lid toelaat op die wyse en teen betaling van die registrasie-, lede- en ander gelde by regulasie voorgeskryf en op die ander voorwaardes wat hy in iedere geval bepaal;".

Wysiging van artikel 8 van Ordonnansie 15 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1973.

4. Artikel 8 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) die Adjunk-Direkteur van die in artikel 5(1) van die Onderwysordonnansie, 1975 (Ordonnansie 21 van 1975), bedoelde Onderwysdepartement;"; en

(b) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) die senior administratiewe beampte in die in paragraaf (a) bedoelde Onderwysdepartement;".

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 15 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1973.

5. Artikel 13 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien na die oordeel van die Uitvoerende Komitee 'n plaaslike bestuur met 'n bevolking van minstens tienduisend blanke persone, in staat is om 'n openbare biblioteekdiens in stand te hou, kan hy in oorleg met of op versoek van so 'n plaaslike bestuur die gebied onder beheer van die plaaslike bestuur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* tot 'n stedelike biblioteekgebied verklaar en so 'n plaaslike bestuur moet daarna, tensy hy reeds 'n openbare biblioteekdiens ingestel het, binne 'n tydperk deur die Uitvoerende Komitee in daardie kennisgewing bepaal, so 'n diens instel en in stand hou.".

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 15 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1973.

6. Artikel 14 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van artikel 15 kan die Uitvoerende Komitee uit gelde vir die doel deur die Wetgewende Vergadering bewillig, aan die plaaslike bestuur in 'n stedelike biblioteekgebied 'n jaarlikse subsidie toeken vir die instandhouding van 'n openbare biblioteekdiens deur die plaaslike bestuur.".

No. 8 of 1979

SOUTH WEST AFRICA LIBRARY SERVICE AMENDMENT ORDINANCE, 1979

Amendment of section 19 of Ordinance 15 of 1968.

7. Section 19 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following proviso:

"Provided that if any educational institution which is registered, or receives financial support, or is registered and receives financial support, in terms of the Education Ordinance, 1975 (Ordinance 21 of 1975), and to which pupils who are not whites have been admitted with the prior approval of the Executive Committee, is admitted to the Service or any public library as a member, all pupils of such educational institution may, on such conditions as may be prescribed by regulation, make use of the library facilities so provided for whites.".

Substitution of section 20 of Ordinance 15 of 1968.

8. The following section is hereby substituted for section 20 of the principal Ordinance:

"Regulations.

20. The Executive Committee may promulgate regulations in respect of —

(a) any matter which shall or may be prescribed or determined under any provision of this ordinance;

(b) registration, subscription and other fees; and

(c) all matters in general, which it considers necessary or advisable to prescribe in order that the objects of this ordinance may be attained.".

Substitution of long title of Ordinance 15 of 1968.

9. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Ordinance:

"To provide for the provision, on as large a scale as possible, of library facilities to the public, for the institution for that purpose of a library service for South West Africa and for matters incidental thereto.".

Short title and commencement.

10. (1) This Ordinance shall be called the South West Africa Library Service Amendment Ordinance, 1979, and shall come into operation on a date to be determined by the Executive Committee and published by notice in the *Official Gazette.*

(2) Different dates may be determined in terms of subsection (1) in respect of different provisions of this Ordinance.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE BIBLIOTEEKDIENS VIR SUIDWES-AFRIKA, 1979

No. 8 van 1979

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 15 van 1968.

7. Artikel 19 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling daarby te voeg:

"Met dien verstande dat indien 'n onderwysinrigting wat ooreenkomstig die Onderwysordonnansie, 1975 (Ordonnansie 21 van 1975), geregistreer is of geldelik ondersteun word of geregistreer is en geldelik ondersteun word, en waartoe leerlinge wat nie blankes is nie met die voorafverkreë goedkeuring van die Uitvoerende Komitee toegelaat is, tot die Diens of enige openbare biblioteek as lid toegelaat word, alle leerlinge van sodanige onderwysinrigting van die biblioteekfasiliteite wat aldus vir blankes voorsien word, gebruik mag maak op die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf word.".

Vervanging van artikel 20 van Ordonnansie 15 van 1968.

8. Artikel 20 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Regulasies.

20. Die Uitvoerende Komitee kan regulasies uitvaardig met betrekking tot —

(a) enige aangeleentheid wat kragtens enige bepaling van hierdie ordonnansie voorgeskryf of bepaal moet of kan word;

(b) registrasie-, lede- en ander gelde; en

(c) in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie ordonnansie te bereik.".

Vervanging van lang titel van Ordonnansie 15 van 1968.

9. Die lang titel van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"Om voorsiening te maak vir die beskikbaarstelling, op so 'n groot skaal as moontlik, van biblioteekfasiliteite aan die publiek, vir die instelling, vir daardie doel, van 'n Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.".

Kort titel en inwerkingtreding.

10. (1) Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika, 1979, en tree in werking op 'n datum wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal en by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig word.

(2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Ordonnansie bepaal word.